

Woensdag 28 September

Skrifgedeelte: Openbaring 7:1-17 (AFR20)

Fokusgedeelte: Openbaring 7:1-4

Leef in die eindtyd in die vastigheid van God se Verbond

Ons moet oor die eindtyd van die wêreld waarin ons al hoe meer leef, geen illusies hê nie (vgl. o.a. Matt. 24:19). In Openbaring word vanaf hoofstuk 8 die sewende seël oopgemaak wat uitloop op die sewe basuine en die sewe laaste plaë (lees hoofstuk 8-11). Die eindtyd is 'n tyd van verskrikking en bandeloosheid en geweld. Daarom kan ons vra: Wat lê nog vir ons en ons kinders voor? So eindig Openbaring 6 met die woorde: "... want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"

Dit is op hierdie vraag dat ons in ons fokusverse die heerlike antwoord ontvang. Openbaring teken nie net vir ons die verskrikking van die eindtyd nie. Dit is nie bedoel om die gelowiges paniekbevange en verslae te maak nie. Dit is juis ook bedoel om uitsig en troos te bring. Die eindoordeel word hier geteken met die beeld van vier winde wat oor die hele aarde sal losbars. Ons ken die verwoesting wat 'n orkaan kan aanrig. Hier kom dit van alle kante tegelyk. Met hierdie beeld word die eindoordeel geteken.

Maar voor die storm losbars, kom daar eers 'n windstilte. Die vier engele wat die vier winde van die aarde vashou, ontvang opdrag van 'n ander engel om nie die winde los te laat voordat die dienaars van God op hulle voorkoppe verseël is nie. Die engel kom van die Ooste af, simbolies van die lewe. En hy dra die seël van die Lewende God. Die eindoordele staan onder God se bevel. In Openbaring 5 lees ons al dat Christus alleen die boek van die sewe seëls kan oopmaak. En voor die oordeel losbars, word sy dienaars eers verseël. Die verseëling dui op die bewaring van God se dienaars. Dit verseker God se eiendomsreg oor hulle. En dit verkondig die egtheid en waarheid van God se beloftes.

Die verseëlde is die 144 000 uit die twaalf stamme van Israel. Dit sien op die volle getal van die uitverkorenes. Daar word nie een gemis nie. Hulle is verseël met die bloed van Christus.

Dit is ons troos wanneer die stormwinde dreig om los te bars, wanneer ons iets begin ervaar van die verskrikking van die eindtyd. Gelowiges is verseëlde. Verseël as God se eiendom. Verseël met die oog op die hemel gerig. In die krisis van die eindtyd sal niks ons van sy liefde skei nie.

Sing: Psalm 105-1:5

Prof. CFC Coetzee (Callie) (emeritus)